Rapport Loopbane 24 City Press Careers
Jou toekoms hier vandag
Your future here today
SONDAG, 26 OKTOBER 2003
JAARGANG 34, NR. 43

Berei voor vir onderhoud

HELEN UECKERMANN

Om vir die eerste keer om 'n werk aansoek te doen of om van werk te verander kan 'n traumatiese ondervinding wees, sê me. Mandy Gilder, uitvoerende hoof van die personeelagentskap M-Assignments in Johannesburg.

Die moeilikste deel van die proses is waarskynlik die werkonderhoud, meen sy.

"Deur die werkonderhoud kry jy jou 'voet in die deur'. Dit gebeur egter dikwels dat die regte mens vir 'n spesifieke werk die geleentheid misloop omdat hy weens 'n gebrek aan vaardighede of selfvertroue die kans wat die onderhoud bied, verspeel.

"Om 'n werkonderhoud suksesvol te deurstaan, moet behoorlik voorberei word."

Sy beveel die volgende stappe aan:

- Ken en verstaan jou loopbaangeskiedenis. Waar het jy sukses behaal? Waar is jy teleurgestel?

Dié inligting help om jou verwagtings na vore te bring en maak ook duidelik watter opofferings jy bereid is om te doen.

- Lees deeglik op oor die maatskappy waar jy om werk aansoek doen. Die meeste maatskappye beskik oor webwerwe waar jy kan navorsing doen oor die organisatoriese struktuur en presies waarmee die maatskappy hom besig hou.

As jy enige vrae het, skryf dit neer en vra dit tydens die onderhoud.

Probeer ook om meer uit te vind oor die posisie waarom jy aansoek doen. Maak sover moontlik seker dat dit wel geskik is vir jou.

- Voer 'n onderhoud met jouself. As jy jou loopbaangeskiedenis of curriculum vitae (CV) opgestel het en jy het meer uitgevind oor die maatskappy, stel 'n lys vrae op wat jy dink in die onderhoud gevra sal word, soos byvoorbeeld wat jou sterk punte is, of waarom jy jou huidige werkplek wil verlaat. Jou antwoorde moet op die man af wees.
- Maak seker van onderhoudetiket. Wees behoorlik aangetrek – eerste indrukke is belangrik. Hou pen en papier byderhand sodat jy kan notas maak vir latere verwysing. 'n Mens is gespanne genoeg, jy wil nie tydens die onderhoud rondvroetel op soek na 'n skryfding nie.
- Kry presiese padaanwysings na die maatskappy toe en probeer 15 tot 30 minute voor die afgespreekte tyd daar wees. Gebruik dié tyd om jouself te vergewis van inligting oor die maatskappy. Meld jou sowat vyf minute voor die tyd by ontvangs aan. Glimlag en ontspan. Onthou om hande te skud met die persoon wat die onderhoud met jou gaan voer. Hou jou kop omhoog – jy is die moeite werd!
- Liggaams- en ander taal. Praat stadig en presies. As jy nie seker is van 'n vraag wat gevra word nie, vra die onderhoudvoerder om dit te herhaal. Behou oogkontak, moenie jou arms vou nie, wees toeganklik. Wees eerlik. Verkoop jouself.

Jou doelwit is om 'n briljante prentjie te skep in 'n baie kort tyd. Jy sal gevra word of jy vrae het.

Goeie vrae is onder meer: Wat sal my pligte behels? Aan wie sal ek verslag doen? Sal ek in 'n span moet werk?

Die vrae moet verband hou met jou moontlike rol in die maatskappy. Dit gaan nie oor wat jy nodig het nie, maar oor wat jy kan bied. Vermy daarom ook die onderwerp van salaris en ander voordele, dit is nie van pas in 'n eerste onderhoud nie.

"Laastens, wees jouself. Dit het nie sin om voor te gee wat jy nie is nie," sê Gilder.

"Of die onderhoud nou oor jou droompos gaan en of dit uiteindelik in 'n regte nagmerrie ontaard het, beskou dit as 'n leerkurwe," sê sy.

Gilder kan gekontak word by mandy@massignments.co.za.
hueckerm@rapport.co.za

Me. Mandy Gilder, uitvoerende hoof van die personeelagentskap M-Assignments in Johannesburg .. 'n gebrek aan vaardighede of selfvertroue kan daartoe lei dat 'n mens kanse verspeel.
Foto: BRENDAN COCKCROFT